# KOERSVAS

Jaargang 7 Uitgawe 155 1 Maart 2019




In hierdie uitgawe:

Redaksioneel

Berigte en Kennisgewings

## REDAKSIONEEL

**Tot waar?**

Ons is nie almal ewe geduldig nie. Sommige van ons se emosie-toereteller is sommer gou in die rooi terwyl ander nog nie eens besef het daar is moeilikheid nie. As 'n groep is die Afrikaner baie geduldig. Ander mense moet telkens herinner word daaraan dat hulle nie goeie maniere en geduld met swakheid moet verwar nie. Ons is baie ordentlik en baie geduldig, totdat ons nie meer is nie.

Kyk maar na die materiaal waaruit die Afrikaner aanmekaar geweef is. Daar is die halsstarrige Nederlandse bloed wat gemaak het dat die eerste trekboer minder as 19 jaar na Jan van Riebeeck se aankoms reeds buite die fort grond gekoop het. Dit natuurlik nadat die mense die gevaarlike bootreis na die Kaap oorleef het. Daar was die Franse Hugenote wat die Roomse vervolging van Protestante oorleef het, en daarom die lange reis per see aangedurf, en hulself in die Kaap kom vestig het. Die trekboere wat telkens verder getrek het as wat die "amptelike grense was en in stryd met natuur en dier oorleef het. Die trekboere het Noord beweeg en met die Xhosas gebots, meer as een keer. Hulle het talle aanvalle oorleef. Die owerheid (Engelse) se kant kies teen hulle het aanleiding gegee tot die Groot Trek. Voortrekkers het die binneland ingetrek en siekte soos, malaria, en disenterie en dan natuurlik die Zoeloes het gemaai onder die trekkers. Hardkoppig was hulle en het hulle gebly, soos blyk uit die moorde by Bloukrans, Moordspruit en Weenen (weens verskille het almal nie saam laer getrek nie en hulle is in die middel van die nag wreed vermoor). Die wat oorleef het was geharde mense. Die Engelse het twee maal teen die Boere geveg. Uit die vernedering te Majuba het hulle geleer dat hulle ten minste hul troepe se getalle moet verviervoudig. Selfs dit het nie gehelp nie en die beleid van verskroeide aarde is toegepas. Baie kinders en vrouens het die haglike omstandighede in konsentrasie-kampe tog oorleef. Baie mans het die oorlog, Ceylon en ander gevangeniskampe oorleef. Die Boer is 'n taai nasie. Hy deins nie terug as daar geveg moet word nie. Twee aanhalings wat gebruik word, maar dalk nie heeltemal korrek is nie: Amerikaanse Generaal George Patton het gestel: "*The Americans fight for a free world, the English mostly for honour and glory and medals, the French and Canadians decide too late that they have to participate. The Italians are too scared to fight; the Russians have no choice. The Germans for the Fatherland. The*

*Boers? Those sons of bitches fight for the hell of it*." Veldmaarskalk Montgomery het na bewering gestel: "*Give me 20 Divisions of American soldiers, and I will breech Europe. Give me 15 consisting of Englishmen, and I will advance to the borders of Berlin. Give me two divisions of those marvelous fighting Boers, and I will remove Germany from the face of the earth*". In hierdie woorde word iets van die dieper wese van die Boer duidelik gemaak.

Die vraag wat al hoe meer na vore kom, is na die geduld van die Boere nasie. Die verguising neem hand oor hand toe. Daar word 'n groot bohaai gemaak oor elke fout wat 'n Afrikaanse persoon maak en dan word dit op die hele Boerenasie se brood gesmeer.

Die diskriminasie het nou al epies-selfvernietigende vlakke bereik. Daar is kundigheid broodnodig by Eskom (soos blyk uit al die verslae oor staatskaping), die Weermag (hierdie laaste baie duur en hartseer Kaapse fiasko van onderstreep dit www.youtube.com/watch?v=7OjxT05cSV0 www.youtube.com/watch?v=hc5OaypD_ag) die SAL, die SABC en vele ander instansies. Boerekinders bereik hoë punte en kry dan geen keuring om by universiteite te gaan studeer nie. Dit omdat daar regstellend opgetree moet word. Regstellende aksie is daardie proses wat maak dat mense wat niks aan jou gedoen het nie, jou terugbetaal vir dinge wat nie met jou gebeur het nie. Die veronderstelling dat regstelling noodsaaklik is, is daarop gebaseer dat die verlede nooit weggaan nie en dat daar mense is wat moet boet en ander is wat moet ontvang; beide die mense wat moet terugbetaal (boet) en die mense wat ontvang se velkleur is bepalend. So boet mense wat niks gedoen het nie en gee aan mense aan wie niks gedoen is nie. Ons land het ingenieurs, dokters, vakmanne en ander kundiges nodig, maar die velletellers verbied ons mense van 'n bydrae lewer. Hoe lank gaan ons nog gedruk word voordat hierdie growwe boeretoon 'n streep in die sand trek?

## BERIGTE EN KENNISGEWINGS

### MAKWASBYEENKOMS

Van die emeritti en predikante weduwees wat daar kon wees, was dit almal eens: Daar is heerlik gekuier, aan keurige kos gesmul en saam gelag. Baie dankie aan die Dorkas van Premiermyn Hervormde Kerk vir hierdie inisiatief. Hulle praat van die geleentheid verskuif na 'n datum naby aan die predikante beraad. U terugvoer oor die saak sal waardeer word.

### TUINE BASAAR

Gemeente Tuine hou hul eerste basaar vir die jaar op Vrydag 1 Maart vanaf 15:30. Kom kry heerlike eetgoed. Al die tradisionele basaar eetgoed sal daar wees. Hoek van Centre- en Louisestrate Pretoria Tuine https://maps.app.goo.gl/iZyDy

### KOSTER EISBEINFEES

Koster gemeente hou hulle jaarlikse Eisbeinfees hierdie jaar op 5,6,7 April 2019 by die Koster dam. Die gemeenskap rat hulself vir hierdie baie suksesvolle fees. Steve Hofmeyr en ander kunstenaars gaan daar optree.

### DIE OORD PV3 KARNIVAL

Die Oord PV3 se jaarlikse karnival vind plaas op 13 April 2019 (sien advertensie onder aan Koersvas. Daar gaan verskeie stalletjies wees:Kos, Pannekoek, Poeding, Tuis-nywerheid, Plaasstal, Wit Olifant, Tombola,

Musiek, Foto's, Koeldrank, Koffie & tee, Spookasem en Springmielies
Toegangsfooi per voertuig - R20.00
Olyfolie sal beskikbaar wees – R160.00 per liter https://maps.app.goo.gl/s1MWz

**GELOOFSBONDPREKE**

Maak seker u bly op hoogte van die nuutste preke en gesprekke. Daar is elke Sondag nuwe Geloofsbondpreke op ons webwerf op die internet beskikbaar. Gaan na http://www.geloofsbond.org.za/
Daar is ook weekliks nuwe preke op ***whatsapp*** beskikbaar. Kontak Ella Joubert by 082 564 1915 en sy sal u onmiddellik by die **preek-whatsapp groep** voeg.

**OORNAG FASILITEITE**
**Villa Stoney B+B**

Oornag in die rustigheid van die Bosveld !
Slegs 5 km van die Zambezi Tolhek
- naby hospitaal en besighede-
Langtermyn akkommodasie ook beskikbaar in gemeubileerde kamers
Etes en wasgoed op afspraak
Ontbyt of kospakkies is altyd ingesluit by **Villa Stoney**
Naby genoeg aan Cullinan. Bespreek betyds vir die 2019 Bondsvergadering. Kontak Ina Steenkamp vir navrae en besprekings 0829082831 auri@mweb.co.za.

**DRUKWERK**

Paul en Ella help graag met:

- Kalender
- Kwitansieboeke
- Offergawe boeke
- Dames Kwitansieboeke
- Konsistorie boeke
- Reklame plakkate en ander drukwerk

**ella@teamworkprinters.com**


DIE OORD PV3
KARNAVAL
CARNIVAL
13 APRIL 2019
09H00 - 14H00
'n Fondsinsameling projek ten bate van intellektuele gestremde volwassenes.
VERSKEIE STALLETJIES
POTJIEKOS
PANNEKOEK
POEDING TAFEL
KOELDRANK
TEE EN KOFFIE
TUISNYWERHEID
PLAASSTAL
VERSKEIE SPELETJIES
WIT OLIFANT
FOTO HOEKIE
TRAPKARRE
SKATTEJAG
A Fundraising project in aid of intellectual disabled adults.
VARIOUS STALLS
"POTJIEKOS"
PANCAKES
PUDDING
SOFT DRINKS
TEA AND COFFEE
HOME INDUSTRY
FARM STALL
VARIOUS GAMES
WHITE ELEPHANT
PHOTO BOOTH
PEDDLE CARS
TREASURE HUNT
Kontak*Contact
(e) oordpv3@iafrica.com
(t) 012 253 0750/1/2
(w) www.oordpv3.co.za
R513 Hartebeespoortdam
25°42'09.2"S 27°51'09.1"E
R20 PER MOTOR
TABLE MOUNTAIN
SOUTH AFRICA